Astoad M.B.P.

Posted. [illegible] 11 SEP 1959

84

EXTRACT FROM "DIE BURGER" DATED 7/8/1959.

MRS. STOTT'S LETTER IN REPLY TO ANDRE GROENEWALDT'S APPEARING IN DIE BURGER ON 16/7/59

Mnr. A. Groenewaldt se aanmerkings in Die Burger van 16 Julie oor die "bittere teenkanting van soveel Engelssprekendes teen alles wat die Afrikaner probeer bereik" is klaarblyklik nie van toepassing op ons organisasie nie, want ons het nooit die begrip van een volk, een volkslied en een vlag teengestaan nie. Maar ons wil Nasionaliste daaraan herinner dat hierdie simbole betekenisloos is tensy hulle in alle Suid-Afrikaners dieselfde gevoel opwek. Indien mense as minderwaardig of as vreemdelinge in hul eie vaderland beskou word, word hulle nie maklik in een geheel saamgesmee nie. Om hierdie rede probeer die Swart Serp beter begrip tussen alle dele van die bevolking van Suid-Afrika, blank en nie-blank, skep.

Daarom het ons op baie plekke byeenkomste oor belangrike sake gehou. Ons het veral gesorg dat Nasionaliste en verteenwoordigers van ander groepe hierdie byeenkomste toespreek. In 'n atmosfeer van redelikheid en beleefdheid kry die gehoor dan kans om standpunte te hoor wat hulle vroeer miskien nooit oorweeg het nie. Lede van die Swart Serp het uitruilplanne in die werk probeer stel tussen Afrikaanssprekende kinders in die binneland en Engelssprekende kinders aan die kus. Ons het dit aangemoedig, en die reelings getref, dat Swart Serp-vroue wat nie tweetalig is nie, Afrikaans leer. Sommige leer Kosa.

ONS SKULD

In ons pogings om diegene te help wie se vryhede weggeneem is (soos bv. ons borgfonds wat naturellevroue help wat in hegtenis geneem is ingevolge die paswette) het ons waardevolle kontakte met die-blankes gemaak. Ons kon dus sommige van die onregte en ontberinge bekend maak waaraan bv. naturelle, veral in die stede, blootgestel word. Baie van ons was enkele jare gelede nog nog onbewus van hierdie moeilikhede en is bekommerd oor die verstaanbare gebelgdheid wat geskap word. Die Swart Serp kan dus nie daarvan beskuldig word dat dit 'n negatiewe of afbrekende organisasie is nie.

Nasionaliste besef tog seker dat ons, as kiesers, sowel as diegene wat ons regeer, die skuld moet dra as sake in ons land verkeerd loop. Die grondslag van die demokrasie is die aktiewe en kritiese belangstelling van alle burgers, maar veral die wat die Regering steun, in wat gedoen word.

ONTBERINGE

Ons opponeer net wetgewing wat die regte van ander mense verminder. Ongelukkig is al die Regering se ideologiese wetgewing in die klas. Ons het nie wetgewing soos die Vlagwet van 1957 teengestaan nie. In die afgelope Sitting het ons net vier uit die sowat negentig wetsontwerpe teengestaan.

Ons gee nie voor dat ons die oplossing van ons land se probleme ken nie, maar ons is daarvan oortuig dat geen beleid uiteindelik kan seevier nie tensy dit toegepas kan word sonder ontberinge en onregverdigheid en die lewensbeskouinge van alle bevolkingsdele eerbiedig.

Ons glo dat samewerking nie kapitulasie van die een bevolkingsdeel aan die ander beteken nie. Dit beteken samewerking om dieselfde doel te bereik. Ons kan tog seker almal saamwerk om geregtigheid en genade vir alle Suid-Afrikaners te verkry.

(Brief verkort - Red., D.B.)